Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 2952 — PRICE 20c PRYS — REGULASIEKOERANT No. 2952

*Registered at the Post Office as a Newspaper* — OVERSEAS 30c OORSEE — *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

POST FREE — POSVRY

VOL. 112] PRETORIA, 4 OCTOBER / 4 OKTOBER 1974 [No. 4419

## PROCLAMATION

*by the State President of the Republic of South Africa*

No. R. 187, 1974

WEIGHTS AND MEASURES ACT, 1958

PROHIBITION OF THE USE OR POSSESSION OF WEIGHING OR MEASURING INSTRUMENTS, WEIGHTS OR MEASURES

In terms of section 11A of the Weights and Measures Act, 1958 (Act 13 of 1958), I hereby declare that with effect from 1 January 1976 no person shall use in trade or have in his possession for such use or for sale in the Republic or South-West Africa, including the Eastern Caprivi Zipfel, any weighing or measuring instrument, weight or measure, except metric carat weights, unless it is calibrated in an appropriate metric measuring unit only or unless written authority for so doing has been granted by the Superintendent of Weights and Measures.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Seventeenth day of September, One thousand Nine hundred and Seventy-four.

J. J. FOUCHÉ, State President.

By Order of the State President-in-Council:

O. P. F. HORWOOD.

## PROKLAMASIE

*van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika*

No. R. 187, 1974

WET OP MATE EN GEWIGTE, 1958

VERBOD OP GEBRUIK OF BESIT VAN WEEG- OF MEETINSTRUMENTE, MATE OF GEWIGTE

Kragtens artikel 11A van die Wet op Mate en Gewigte, 1958 (Wet 13 van 1958), verklaar ek hierby dat niemand 'n weeg- of meetinstrument, maat of gewig, behalwe metrieke karaatgewigte, met ingang van 1 Januarie 1976 in die Republiek of Suidwes-Afrika, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel, in die handel mag gebruik of vir sodanige gebruik of vir verkoop in sy besit mag hê nie, tensy dit net in 'n paslike metrieke meeteenheid gekalibreer is of tensy hy skriftelik deur die Superintendent van Mate en Gewigte daartoe gemagtig is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Sewentiende dag van September Eenduisend Negehonderd Vier-en-sewentig.

J. J. FOUCHÉ, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

O. P. F. HORWOOD.

## GOVERNMENT NOTICE

### DEPARTMENT OF COMMERCE

No. R. 1791 — 4 October 1974

MEASURING UNITS AND NATIONAL MEASURING STANDARDS ACT, 1973

PROHIBITION OF THE EXPRESSION OF THE MAGNITUDE OF QUANTITIES BY MEANS OF UNITS OTHER THAN PRESCRIBED UNITS AND THE DESIGNATION OF UNITS BY SYMBOLS OTHER THAN PRESCRIBED SYMBOLS

In terms of section 4 of the Measuring Units and National Measuring Standards Act, 1973 (Act 76 of 1973), I hereby determine as follows:

1. *General exemptions and prohibitions.*

(1) No prohibition or stipulation in this Notice contained shall apply to—

(a) writings originating in other countries or writings originating in the Republic and intended for distribution

## GOEWERMENTSKENNISGEWING

### DEPARTEMENT VAN HANDEL

No. R. 1791 — 4 Oktober 1974

WET OP MEETEENHEDE EN NASIONALE MEETSTANDAARDE, 1973

VERBOD OP DIE UITDRUKKING VAN DIE GROOTTES VAN GROOTHEDE DEUR ANDER EENHEDE AS VOORGESKREWE EENHEDE EN DIE AANDUIDING VAN EENHEDE DEUR ANDER SIMBOLE AS VOORGESKREWE SIMBOLE

Kragtens artikel 4 van die Wet op Meeteenhede en Nasionale Meetstandaarde, 1973 (Wet 76 van 1973), bepaal ek hierby soos volg:

1. *Algemene vrystellings en verbiedinge.*

(1) Geen verbod of bepaling van hierdie kennisgewing is van toepassing nie op—

(a) geskrifte wat hulle oorsprong in ander lande het of geskrifte wat hulle oorsprong in die Republiek het en

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



exclusively in other countries but excluding writings which may be specified in the Schedule to paragraph 2 of this Notice or which are subject to a provision contained in any other law;

(b) conversion tables for units except where otherwise provided in subparagraph (4) of this paragraph;

(c) articles of a historical or an artistic nature;

(d) basic scientific research except where otherwise provided in subparagraph (4) of this paragraph;

(e) the use of units by a private household or where such units are used privately by an artisan or a professional person or where they are used internally in a business, factory or organisation in any circumstances or for any purpose except where such use is subject to a contrary provision in any other law;

(f) cases where permission for a deviation from the provisions of this Notice has been granted in writing to the person or organisation concerned by the Superintendent appointed under section 2 of Act 13 of 1958.

(2) Subject to the provisions of subparagraph (1) of this paragraph, and without derogating from the provisions of paragraph 2 of this Notice, no unit other than a unit mentioned or implied in the First and Second Schedules of Government Notice R. 1146 of 5 July 1974 shall be used in any circumstances or for any purpose or in connection with any matter or in respect of any goods or things, subject to any appropriate rule as set out in the said Schedules.

(3) Subject to the provisions of subparagraph (1) of this paragraph no multiple or submultiple of a unit other than a multiple or submultiple specified in the Schedules to Government Notice R. 1146 of 5 July 1974 shall be used as a unit in any circumstances or for any purpose or in connection with any matter or in respect of any goods or things.

(4) Subject to the provisions of subparagraphs (1) and (5) of this paragraph, an SI unit of multiple or submultiple thereof, formed as set out in the First Schedule to Government Notice R. 1146 of 5 July 1974, or a unit, multiple or submultiple specified in Tables 1, 2, 3 and 4 in the Second Schedule thereto shall not in any circumstances or for any purpose be designated by any symbol or abbreviation other than a symbol specified in the said Schedule or tables, subject to any appropriate rule in the said Schedule or tables.

(5) Subparagraph (4) of this paragraph shall not apply to telex and computer print-outs or print-outs from other machines capable of printing only upper case or only lower case letters, except where otherwise provided in any other law.

2. *Specific prohibitions and exemptions.*

Subject to the provisions of paragraph 1 (1), no unit other than a unit specified or implied in the First Schedule or Tables 1, 2, 3 and 4 of the Second Schedule to Government Notice R. 1146 of 5 July 1974 shall be used in the circumstances or for the purposes of or in connection with the matters and in respect of the goods or things specified in column 2 of the Schedule hereto for expressing the magnitude of the quantities specified in column 1 after the date specified in column 4 of the said Schedule, unless exempted as specified in column 3 of the said Schedule.

O. P. F. HORWOOD, Minister of Economic Affairs.

bedoel is vir verspreiding uitsluitlik in ander lande, maar met uitsluiting van geskrifte wat in die Bylae van paragraaf 2 van hierdie kennisgewing gespesifiseer is of wat onderworpe is aan 'n bepaling vervat in 'n ander wet;

(b) omrekeningstabelle vir eenhede, behalwe waar anders bepaal in subparagraaf (4) van hierdie paragraaf;

(c) artikels van geskiedkundige of artistieke aard;

(d) basiese wetenskaplike navorsing, behalwe waar anders bepaal in subparagraaf (4) van hierdie paragraaf;

(e) die gebruik van eenhede deur 'n private huishouding of die private gebruik daarvan deur 'n vakman of 'n professionele persoon of die interne gebruik daarvan in 'n besigheid, fabriek of organisasie, in enige omstandighede of vir enige doel, behalwe waar dit onderworpe is aan 'n andersluidende bepaling van 'n ander wet;

(f) gevalle waar die Superintendent, aangestel kragtens artikel 2 van Wet 13 van 1958, skriftelik toestemming vir 'n afwyking van die bepalings van hierdie Kennisgewing aan die betrokke persoon of organisasie verleen het.

(2) Behoudens die bepalings van subparagraaf (1) van hierdie paragraaf en sonder om af te doen aan die bepalings van paragraaf 2 van hierdie Kennisgewing, mag geen eenheid, behalwe 'n eenheid wat in die Eerste en Tweede Bylaes van Goewermentskennisgewing R. 1146 van 5 Julie 1974 genoem of geïmpliseer word, in enige omstandighede of vir enige doel of in verband met enige aangeleentheid of ten opsigte van enige goedere of dinge behoudens enige toepaslike reël soos in genoemde Bylaes uiteengesit, gebruik word nie.

(3) Behoudens die bepalings van subparagraaf (1) van hierdie paragraaf, mag geen veelvoud of subveelvoud van 'n eenheid, uitgesonderd 'n veelvoud of subveelvoud gespesifiseer in die Bylaes van Goewermentskennisgewing R. 1146 van 5 Julie 1974, in enige omstandighede of vir enige doel of in verband met enige aangeleentheid of ten opsigte van enige goedere of dinge as 'n eenheid gebruik word nie.

(4) Behoudens die bepalings van subparagrawe (1) en (5) van hierdie paragraaf, mag 'n SI-eenheid of 'n veelvoud of subveelvoud daarvan, gevorm soos uiteengesit in die Eerste Bylae van Goewermentskennisgewing R. 1146 van 5 Julie 1974, of 'n eenheid, veelvoud of subveelvoud gespesifiseer in Tabelle 1, 2, 3 en 4 in die Tweede Bylae daarvan, nie in enige omstandighede of vir enige doel deur enige simbool of afkorting, uitgesonderd 'n simbool gespesifiseer in genoemde Bylae of tabelle, uitgedruk word nie, behoudens enige toepaslike reël in genoemde Bylae of tabelle.

(5) Subparagraaf (4) van hierdie paragraaf is nie van toepassing nie op teleks- en rekenaardruksels of druksels van ander masjiene wat slegs hoofletters of slegs kleinletters kan druk, behoudens andersluidende bepalings van 'n ander wet.

2. *Spesifieke verbiedinge en vrystellings.*

Behoudens die bepalings van paragraaf 1 (1) mag geen eenheid, uitgesonderd 'n eenheid gespesifiseer of geïmpliseer in die Eerste Bylae of Tabelle 1, 2, 3 en 4 van die Tweede Bylae van Goewermentskennisgewing R. 1146 van 5 Julie 1974, in die omstandighede of vir doeleindes van of in verband met die aangeleenthede en ten opsigte van die goedere of dinge gespesifiseer in kolom 2 van die Bylae hiervan, na die datum gespesifiseer in kolom 4 van genoemde Bylae gebruik word om die grootte van die groothede gespesifiseer in kolom 1 uit te druk nie, tensy vrygestel soos gespesifiseer in kolom 3 van genoemde Bylae.

O. P. F. HORWOOD, Minister van Ekonomiese Sake.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



SCHEDULE

| Column 1 | Column 2 | Column 3 | Column 4 |
|---|---|---|---|
| Quantity | Purposes, matters, goods or things | Exemptions | Date |
| Any quantity............. | All types of advertising.................... | Except advertising in connection with: (a) Non-metric spanners whose size designations indicate the non-metric fastener on which they are to be used (b) Fasteners with non-metric screw threads (c) Non-metric screw thread cutting equipment | 31/12/74 |
| Any quantity............. | Construction and building plans, drawings, and specifications put up for tender or put out to contract | — | 31/12/74 |

BYLAE

| Kolom 1 | Kolom 2 | Kolom 3 | Kolom 4 |
|---|---|---|---|
| Grootheid | Doeleindes, aangeleenthede, goedere of dinge | Vrystellings | Datum |
| Enige grootheid.......... | Alle soorte advertensies.................... | Uitgesonderd advertensies in verband met: (a) Nie-metrieke moersleutels waarvan die grootte-aanduidings die nie-metrieke hegstuk aandui waarop hulle gebruik word (b) Hegstukke met nie-metrieke skroefdraad (c) Nie-metrieke skroefdraadsnyuitrusting | 31/12/74 |
| Enige grootheid.......... | Bou- en konstruksieplanne, tekeninge en spesifikasies aanbestee op tender of kontrak | — | 31/12/74 |

## CONTENTS

*No.* *Page*

**PROCLAMATION**

R. 187. Weights and Measures Act, 1958 ... ... ... 1

**Commerce, Department of**

*Government Notice*

R.1791. Measuring Units and National Measuring Standards Act, 1973 ... ... ... ... ... ... ... 1

## INHOUD

*No.* *Bladsy*

**PROKLAMASIE**

R. 187. Wet op Mate en Gewigte, 1958 ... ... ... ... 1

**Handel, Departement van**

*Goewermentskennisgewing*

R.1791. Wet op Meeteenhede en Nasionale Meetstandaarde, 1973 ... ... ... ... ... ... ... ... 1

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*

Printed by and obtainable from The Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001

Gedruk deur en verkrygbaar by Die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001

4419—**1**